



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers


Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**ONTWERP V1**

**(TEORIE)**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 100**

**Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.**

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE (10 punte in totaal)**
**Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1 **(Ken 10 punte toe)**




Fokuspunt: Die fokuspunt is in die middel of sentraal met die fokus op die groot bewoording *'Nelson Mandela'*. ☑ Die hooffokuspunt word verder versterk deur die sterk, baldadige gebruik van diagonale lyne, kleure en oorheersend geometriese dekoratiewe patrone. ☑ Die twee swart 'onderdanige' vrouebeelde 'verhef' en 'dra' ons **'Admirable Man'** as die middelpunt van alle Suid-Afrikaners se lewens. ☑

Kleur: Die plakkaat maak gebruik van skerp, sterk, lewendige en warm kleure. ☑ Die kleure verteenwoordig 'demokratiese' en 'patriotiese' kleure, ☑ geassosieer met die Suid-Afrikaanse vlag. ☑

Lyn: Die plakkaat se gebruik van sterk en skerp '*cloisonnistiese*' buitelyne skep 'n treffende, grafiese ontwerp. ☑ Die plakkaat maak ook gebruik van sterk diagonale lyne wat skerp beweging skep en die oog na en weg vanaf die hoofidee van die plakkaat lei. ☑

Balans: Simmetriese balans is deur die weerspieëling of herhaling van dieselfde kleure, beelde en patrone. ☑ Die linkerkant is 'n weerspieëling van die regterkant. ☑

Patroon: Die patrone word sterk deur tradisionele Afrika-motiewe en –kleure beïnvloed. ☑ Die patrone word herhalend gebruik om 'n eenselwige, sterk en uitdagende beeld te skep. ☑ Hoekige geometriese patroonskepping skep 'n treffende, sterk ontwerp. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V1.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 1.1 | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.1 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 1.1 | 3 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**OF**

Kopiereg voorbehou 

1.2



1.2.1 **(Ken 6 punte toe)**

Minimalisme: Die term Minimalisme hou verband met die Modernistiese term "*Minder is Meer*". ☑ Die Moderniste het weggebreek van enige ryklik versierde dekoratiewe ontwerpe. ☑ Om met '*die bloot noodsaaklike'* te werk, was as die norm gesien. ☑ Minimalisme verheerlik eenvoud ten gunste van ekonomiese gebruik van detail. ☑ Die finale ontwerp is in die meeste gevalle meer industrieel met 'n sterk klem op "*Vorm volg Funksie"* ☑ - funksie is belangriker as versiering. ☑

Getrouheid aan Materiale: Gedurende die Modernistiese beweging (spesifiek met verwysing na De Stijl en Bauhaus) het ontwerpers die materiale onversierd, bloot en plein gehou. ☑ Die ontwerper was trots daarop om materiale vir hul inherente kwaliteite te kies. Die materiale het altyd suiwer of getrou aan hulself gebly. ☑ Gedurende Modernisme en Postmodernisme het ontwerpers nuwe en vernuwende materiale gesoek, bv. laaghout, geperste hout, superhout, buighout, ens. ☑ Die hout in hierdie produk gebruik, is 'n nuwe tipe laaghout wat glad en blink is en weerspieël ook die nuwe rekenaartegniek wat gebruik is om dit met 'n hoogs gesogte ontwerpersbewuste kenmerk te ontwerp. ☑ Die skoonheid van hierdie produk is in die materiaal en tegniek wat gebruik is om dit te vervaardig. ☑

Lineariteit:
Die stoele gebruik sterk lyne om 'n strak en stywe vorm te skep. ☑ Dit is asof die lyne van die stoel die kontakpunte van die liggaam op die stoel wys. ☑ Die lineêre patroon gedruk op die stoel is star en boots die vou-aksie as riglyn vir die aanmekaarsit van die platpak-stoel na. ☑ Hierdie reguit en skoon lyne skep 'n wiskundige of geometriese gevoel. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

1.2.2 **(Ken 4 punte toe)**
Platpak-meubels het voordele vir die vervaardiger, die handelaar en die koper. ☑
Om plat-pak meubels te koop, is gewoonlik baie goedkoper wanneer die vervaardiger en handelaar se koste uitgesny word. ☑ Vir die koper beteken dit dat die meubels goedkoper sal wees omdat hy/sy dit self aanmekaar sal moet sit. ☑ Dit bespaar ook die vervoeronkoste van beide die handelaar en die koper. ☑ Platpak-meubels bespaar ook stoorruimte. ☑ Vir die koper bly die aanmekaarsit van die platpak-meubels 'n uitdaging – en op hierdie wyse mag die koper ook tegnies bemagtig voel. ☑ Die idee agter die platpak-meubels vandag is 'n noodsaaklikheid aangesien baie mense in klein woonstelletjies bly. ☑ Nog 'n voordeel is dat die produk lig in gewig is. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V1.2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.2.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 1.2.1 | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 1.2.1 | 3 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP (10 punte in totaal)**

2.1 **(Ken 8 punte toe)**



**Swart en wit hande wat vashou**:
Binne die konteks van die plakkaat se tema van 'anti-rassisme' kan die swart en wit hande wat mekaar vashou, verwys na die moontlikhede van vrede, rus, wapenstilstand, onderhandelings, die einde van vyandighede, versoening, ens. ☑ Die feit dat die twee anderskleurige hande vashou/in aanraking is/skud/saamstem het beide negatiewe en positiewe konnotasies/betekenisse. ☑ Binne 'n sosiokulturele konteks hoort hierdie konnotasies tot idees van ooreenkoms, vredesonderhandelinge, maar aan die ander kant negeer dit verdraagsaamheid en 'n gebrek aan onbevange wees. ☑ Die feit dat die hande deur swart en wit verteenwoordig word, kan moontlik verwys na die feit dat daar geen grys areas is nie ('n gebrek aan skikking tussen die twee kante/rasse), ononderhandelbaar! ☑

**Swart en wit gewere**:
Die beeld van die geweer verwys na geweld, ☑ kompetisie en konflik onder verskillende rasse, kulture, politieke partye, diverse ideologieë, ☑ verskeie gelowe, ens.

**Gewere gerig:**
Terwyl die plakkaat moontlike vrede of onderhandelings probeer kommunikeer, ☑ is beide swart en wit kante steeds 'gewapen', ☑ 'huiwerig' om hulle gewere neer te sit of ten volle oor te gee aan 'n nie-rassistiese samelewing. ☑ Rassisme is metafories en simbolies in vergelyking met 'n 'gelaaide geweer', ''n tikkende tydbom' of ''n oorgehaalde kleefbom'. Ten laaste is dit vir almal 'n nie-wen situasie. ☑

**Rooi agtergrond**:
Die kleur rooi word gewoonlik met gevaar geassosieer; ☑ dit waarsku jou om op jou hoede te wees; te stop en versigtig te wees. ☑ Dis ook 'n kleur belaai met emosies soos liefde en passie. ☑ Rooi kan ook simbolies aan die Sosialistiese, Kommunistiese terrein gekoppel word. ☑ Dit plaas die plakkaat in 'n politieke mynveld. ☑ Dit kan verder tot meer bloedvergieting bydra! ☑

**Die driehoekige vorm wat deur die sentrale beeld geskep word**
Die twee swart en wit hande/gewere skep 'n driehoek-vorm wat normaalweg met perfeksie, krag en mag geassosieer word. ☑ Die driehoek is egter onderstebo/omgekeer. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

2.2 **(Ken 2 punte toe)**
Die kernidee van die plakkaat hou verband met die stopsit van rassisme. ☑ Om daardie rede kies die ontwerper om 'n agtergrond gevul met rooi te skep. ☑ Die swart en wit beelde van die hande/gewere is in sterk en skerp kontras daarmee ☑ wat die probleem van rassisme uitlig en die sentrale beelde as 'n fokuspunt laat uitstaan! ☑


**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | | |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 2.1 + 2.2 | 3 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 2.1 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | | |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 2.1 | 3 |

**VRAAG 3 (20 punte in totaal)**

**Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 **(Ken 10 punte in totaal toe)**




Beide tekstielontwerpe word deur volk- en plaaslike verhale **beïnvloed**. ☑ Die wit sirkels in FIGUUR A kon deur oessirkels, vlieënde pierings, klere se knope en borduurtegnieke beïnvloed wees. ☑ FIGUUR B kon deur Kuns en Kunsvlyt en Art Nouveau plakpapierontwerpe, bv. "Pimpernel" wat opgemaak is van kromlynige plantstingels en blare en voëls vanuit die natuur, beïnvloed wees. ☑ FIGUUR B se ontwerpe dateer terug na die materiaalhandel voor 2400 v.C. deur die vroeë Arabiere en Fenisiërs langs die oosterse kus. FIGUUR A se tekstiel is na Koning Moshweshwe van Lesotho vernoem ☑ en was ook deur die Indiese ☑ en Hollandse tekstieltegnieke beïnvloed. ☑

Die **funksie** van tekstiele is dat hulle vir klere, oortreksel, gordyne en beddegoed gebruik word. ☑ Tekstiele word vir dekoratiewe trefkrag gebruik, bv. om 'n interieur te verfraai ☑ of om 'n liggaam te versier. ☑ Tradisioneel is die shweshwe tekstiel in FIGUUR A gebruik vir handel in die Ooste. ☑ Later is die tekstiel gebruik om voorskote vir pasgetroude dames te maak. ☑ Kontemporêre ontwerpers meng die shweshwe tekstiel van FIGUUR A met 'n verskeidenheid modern produkte en het dit vervolgens tot 'n hoër mode-status gelig. ☑

In FIGUUR A word die **lyne** op 'n sterk, sirkelagtige, uitstralende en uitdagende wyse gebruik. ☑ In FIGUUR B is die lyne gedraaide, golwende (gevlegte), sagte stringe oranje en pers wat golwende beweging skep. ☑

Die wit sirkels in FIGUUR A is in 'n ordelike uitleg geplaas wat 'n gestruktureerde **ritmiese** patroon skep. ☑ In FIGUUR B is die ritme ook beplan en word dit deur 'n gedraaide lineêre vloei van patrone ☑ en herhalende organiese beelde geskep. ☑ In FIGUUR A is die ritme intens en kragtig ☑ terwyl die ritme in FIGUUR B poëties, liries en speels is. ☑

Beide tekstiele het 'n donker **kleur** agtergrond met 'n stortreën van helder kolle. ☑ Die smaraggroen, swart en wit in FIGUUR A skep 'n uitdagende, lewendige en helder kleurskema ☑ terwyl die oranje, pers en bloue in FIGUUR B meer subtiel en delikaat is, wat sy poëtiese kwaliteite versterk. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V3.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | | |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 3.1 | 3 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.1 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.1 | 3 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**OF**

**VRAAG 3.2 (Ken 10 punte toe)**



**In hierdie vraag word daar van die kandidaat verwag om te vergelyk en behoort gepenaliseer te word vir die skryf van twee aparte opstelle, of vir inligting in 'n tabelvorm verskaf.**

**Vergelyking tussen die Rooi Lokasie en die Parthenon (of 'n voorbeeld deur die kandidaat gekies):**

Die **Parthenon** val binne die **konteks** van die hoogtepunt van die Atheense bewind en is gedurende 447 VAE gebou. ☑ Werk aan die tempel het tot 432 VAE aangehou. Die Parthenon het toe die Atheense imperiale mag verteenwoordig en het die mag en invloed van die Atheense politikus Pericles, wat sy konstruksie voorgestaan het, gesimboliseer. ☑ Die konteks van **Die Rooi Lokasie Museum** is verskil heeltemal aangesien dit in 1952 die eerste weerstand ten opsigte van apartheid in New Brighton, Port Elizabeth waar die Museum gebou is, herdenk. Dit is 'n 'houer met herinneringe' of uitstalruimte vir hierdie gebeurtenis, asook ander Apartheid gruwels en anti-apartheid heldedade. ☑

Die **doel** van die Parthenon was om 'n tempel te wees. ☑ Dit staan op die Atheense Akropolis, Griekeland, en is aan die godin Athena, wat deur die mense van Athene as hul beskermheer beskou het, opgedra. ☑ Dit word as 'n blywende simbool van Antieke Griekeland, Atheense demokrasie en Westerse beskawing gesien. ☑ Terwyl dit 'n heilige gebou, opgedra aan die stad se beskermgodin was, was die Parthenon eintlik hoofsaaklik as 'n skatkamer gebruik. ☑ In die 5de Eeu nC is die Parthenon in 'n Christenkerk opgedra aan die Maagd Maria, omskep. ☑ Die Rooi Lokasie Museum aan die ander kant herdenk die stryd teen apartheid, maar is ook 'n museum, gemeenskapsentrum, galery, mark, sentrum vir die skeppende kunste, biblioteek en konferensiesentrum. ☑

Die Parthenon is van rou marmer gemaak wat die gevoel skep dat die gebou uit 'n klip groei. ☑ Dit word **gekonstrueer** deur gebruik te maak van die Griekse pilaar en latei tegniek waar 'n plat dak deur baie pilare ondersteun word. ☑ Die Rooi Lokasie Museum aan die ander kant is van 'n kombinasie van moderne **materiale** gebou, d.i. beton, staal en geoksideerde sinkplate. ☑ Die rou beton gekombineer met verskeie materiale gee die gebou 'n industriële gevoel. ☑ Die binnekamers of 'herinneringshouers' is van rooi gegalvaniseerde ystermure gekonstrueer om met die nabye rooi pondokke te skakel. ☑

'n **Argitektoniese kenmerk** van die Parthenon is die feit dat dit 'n Doriese periferiese tempelvorm is. Dit beteken dat dit uit 'n reghoekige vloerplan met 'n reeks laer trappe aan elke kant bestaan, en 'n kolonnade van Doriese pilare wat heeltemal om die omtrek van die hele struktuur uitbrei. ☑ Elke ingang het 'n addisionele ses pilare daarvoor.
Die herhaling van die pilare voor die Rooi Lokasie skep 'n ritme wat herinner aan die herhaling van die Doriese pilare van die Parthenon. ☑ Hierdie maer, eenvoudige, regop pilare staan soos totems ter herinnering aan helde wat in die stryd teen apartheid gesterf het. ☑ Die pilare van die Parthenon is bonkig en solied en oorheers die gebou. ☑ Die hoofpilare is Dories in styl en die pilaarkoppe het die eenvoudigste ontwerp. ☑

Ander prominente **argitektoniese kenmerke** van die Parthenon is die gebruik van 'n entablement en 'n pediment wat reliëfbeelde vertoon. ☑ Waar die Parthenon se dekoratiewe kenmerke permanent is, maak die Rooi Lokasie gebruik van rondgaande uitstallings van kontemporêre kuns en van voorwerpe en foto's gekoppel aan die verlede. ☑

Die Parthenon staan op 'n verhewe uithoek, genaamd die Akropolis, in Athene. ☑ Die gebou vorm 'n sterk **vorm** en is amper 70m lank en net oor die 30m wyd. ☑ Die fasade is gekonstrueer binne die Goue Skaal ('n skaal van 5:8). ☑ Die Rooi Lokasie is nie 'n eenvoudige vorm met 'n duidelike buitelyn nie, maar bestaan uit 'n hoofgebou met 'n sigsag profiel en 'n losstaande algemene bymekaarkomplek of 'plaza' met baie maer vertikale pilare wat 'n plat dak ondersteun. ☑ Die reeks plat betonpilare en ontblote staaldakbalke skep 'n skuuragtige **ruimte** ☑ terwyl die binne-ruimte van die Parthenon afgesonder is as gevolg van al die baie pilare wat gebruik is. ☑ Die interieur van die Parthenon bestaan uit twee kamers. ☑ Die grootste van die twee kamers binne, die naos, het die kultusbeeld gehuisves. ☑ Die kleinste kamer was as 'n skatkamer gebruik. ☑ Die binnekant van die Rooi Lokasie is baie groot en sluit ses kamers in vergelyking met die twee kamers waaruit die Partenon bestaan, in. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V3.2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3.2 | 3 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.2 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.2 | 3 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS**

**VRAAG 4 (30 punte in totaal)**

4.1 **(Ken 20 punte toe, 10 punte vir elke beweging/styl)**

**Kenmerke sigbaar in die gegewe prent (Ken 2 punte toe)**



**Romeinse kenmerke wat verband hou met die aanhaling sigbaar in die gegewe prent.**
Hierdie Romeinse baddens is 'n goeie voorbeeld van hulle uitstekende ingenieursontwerp wat dit uitsonderlik **bruikbaar/funksioneel** maak. ☑ Dit is ook 'n imposante en **mooi** argitektoniese ontwerp wat die mag en rykdom van die Romeinse Ryk vertoon. ☑ Hierdie feite bewys dat hierdie baddens aan die aanhaling gekoppel kan word in soverre die ontwerp beide bruikbaar en mooi moet wees. Die gebruik van beton is 'n **tipiese kenmerk** van Romeinse ontwerp wat hulle in staat gestel het om indrukwekkende strukture te maak. ☑ Die eerste keisers het die grootskaalse platmaak van krotbuurte begin om groot, pragtige paleise op die Palatynse Heuwel en nabygeleë areas te bou. Dit het gevorderde ingenieursmetodes en grootskaalse ontwerp vereis. ☑ Romeinse geboue is toe in die groepering van kommersieel, polities en sosiaal, bekend as die forum, gebou. Die Romeinse Ryk se artistieke glorie is deur massiewe bouprogramme van monumente, vergaderplekke, tuine, akwadukte, baddens, paleise, pawiljoene, sarkofae en tempels bereik. ☑ Dié baddens is tipies van dié imposante en funksionele Romeinse geboue. ☑

**Twee ander kenmerke, invloede en EEN ander werk en ontwerper van die Romeinse beweging herleibaar tot die aanhaling (Ken 8 punte toe)**

Gedurende die Republikeinse era wys Romeinse argitektuur die **invloed** van beide Griekse en Etruskiese elemente en het nuwighede soos die ronde tempel en die gekurfde boog gelewer. ☑ **Beïnvloed** deur die ontwerp en strukture van antieke Griekeland, Antieke Rome word dit 'n evolusie van vorige style gekombineer met nuwe uitvindings en nuwe

materiale versamel in hul verowerde state, Egipte en Persië. ☑ Baie van die kunstenaars in Rome was afkomstig uit verowerde Griekse kolonies en provinsies. ☑ Kunsvorms en –metodes gebruik deur die Romeine – soos hoë en vlak reliëf, losstaande beeldhouwerk, gegote brons, vaaskuns, mosaïek, kamee, muntstukkuns, goeie juweliersware en metaalwerk, begrafnisbeeldhouwerk, perspektiefteken, karikature, genre en portretskilder, landskapskilder, argitektoniese beeldhouwerk, en trompe l'oeil skilder is almal ontwikkel of verfyn deur die Antieke Griekse kunstenaars. ☑ Die Romeinse kultuur het baie kulture verwerk en was meestal verdraagsaam teenoor die wyses van verowerde mense**.** ☑

Die Grieke het die estetiese kwaliteite van groot kuns bewonder en het op groot skaal oor artistieke teorie geskryf, terwyl Romeinse ontwerp meer **dekoratief** was en status en rykdom aangedui het.☑ **Tipies** van Romeinse ontwerp is die feit dat stede groot en ingewikkeld geword het, met baie aandag aan **funksionaliteit (bruikbaarheid)** om sodoende aan die behoeftes van 'n stedelike omgewing te voorsien. ☑ **Bruikbare** strukture soos akwadukte is ontwerp om water oor lang afstande met 'n afwaartse vloei te laat beweeg. ☑ Hierdie akwadukte was ook **mooi** strukture. ☑ Hulle bestaande oorblyfsels van messelwerk is veral indrukwekkend, soos die **Pont du Gard** (met drie lae boë) en die akwaduk van Segovia, wat as 'n stille getuienis van die kwaliteit van hulle ontwerp en konstruksie dien. ☑

Boë en groot imposante strukture is opgerig met die **funksie** as herdenkingstrukture wat oorloë en militêre prestasies herdenk. ☑ Hulle was ook gebruik om imperialistiese mag te vertoon. ☑ Deels te wyte aan die feit dat Romeinse stede veel groter as die Griekse stadstate ten opsigte van mag en populasie en oor die algemeen minder provinsiaal was, het kuns in Antieke Rome 'n wyer, en soms meer **nuttige**, doel aangeneem. ☑ As gevolg van hierdie metodes is Romeinse argitektuur legendaries vir die duur van sy konstruksie; met baie geboue wat steeds staan, en sommige nog in gebruik, meestal geboue gedurende die Christen-era omskep in kerke. ☑ Baie ruïnes was egter gestroop van die marmerbuitelaag en is gelaat met die betonkern ontbloot, wat dit ietwat kleiner in grootte en prag as die oorspronklike voorkoms laat lyk, soos die **Basilika van Konstantyn**. ☑

Die oorspronklike skoonheid van hierdie geboue was as gevolg van die feit dat die betonkern bedek was met 'n pleister-, baksteen-, klip- of marmerbuitelaag, en dekoratiewe polichroom en vergulde beeldhouwerk was dikwels bygelas. Dit het 'n verbysterende, **mooi** effek van mag en rykdom vertoon. .☑ Ander tipiese **kenmerke** van Romeinse ontwerp is die gebruik van Romeinse muntstukke as propaganda, die vervaardiging van luukse voorwerpe in metaalwerk, gravures in juwele, ivoorkerfwerk en die gebruik van dekoratiewe glasvoorwerpe om mure en huise te versier. Romeinse ingenieurs het metodes ontwikkel om stede op 'n groot skaal te kan bou, insluitende die gebruik van beton. ☑ Die Romeinse gebruik van die boog, die gebruik van boumetodes met beton en die gebruik van die koepel het alles die konstruksie van gewelfde plafonne toegelaat en het die bou van hierdie groot openbare ruimtes en komplekse, insluitende die paleise, openbare baddens en basilikas van die 'Goue Eeu" van die ryk moontlik gemaak. ☑ Uitsonderlike voorbeelde van koepelkonstruksie sluit die **Pantheon**, die **Baddens van Dioklesië**, en die **Baddens van Caracalla** in. Die Pantheon (opgedra aan al die gode van die heelal) is die besbewaarde tempel uit Antieke tye met 'n ongeskonde plafon met 'n oop "oog" in die middel. ☑ Die hoogte van die plafon is presies gelyk aan die deursnee binne die gebou, 'n toe ruimte geskep wat 'n reuse sfeer kan bevat.

Kopiereg voorbehou 



Die grootste arena in die Romeinse wêreld, die **Colosseum,** is **EEN voorbeeld** van Romeinse ontwerp en was aan die ver kant van daardie forum geleë. Dit was ongelooflik **funksioneel (bruikbaar)** en kon oor die 50,000 toeskouers huisves, met 'n terugtrekbare materiaalbedekking vir skadu. Dit kon massiewe skouspele, insluitende reuse swaardvegterkompetisies en nagemaakte vlootoorloë opvoer omdat die arena met water gevul kon word. ☑ Dit was ook 'n **mooi en imposante** meesterstuk van Romeinse argitektuur wat Romeinse ingenieurswese se doeltreffendheid **opsom** en al drie die argitektoniese ordes – Dories, Ionies, en Korinte – meng. ☑ Massiewe geboue soos die Colosseum kon nooit gebou word met vorige materiale en metodes nie. Alhoewel beton 'n duisend jaar vroeër in die nabye Ooste uitgedink is, het die Romeine die gebruik daarvan vanaf versterkings tot hul mees indrukwekkende geboue en monumente uitgebrei, en so gekapitaliseer op die materiaal se sterkte en lae koste. ☑

**Kenmerke sigbaar in die gegewe prent (Ken 2 punte toe)**



**Art Nouveau kenmerke wat verband hou met die aanhaling sigbaar in die gegewe prent.**
Die gebruik van weelderige materiale met half-edelgesteentes en emaljewerk in die haarkam is **kenmerkend** van Art Nouveau ontwerpe. ☑ Ook tipies is die gebruik van deurmekaar gevlegte kronkellyne van slingerende wingerdlote en lelies wat met die natuur verband hou. ☑ Die item is dekoratief en vroulik soos alle Art Nouveau ontwerp. ☑ Die kam is **bruikbaar** want dit kan gebruik word om hare in 'n sekere posisie te hou. ☑ Dit is ook 'n **dekoratiewe, mooi** voorwerp wat die voorkoms van die persoon wat dit dra, sal verhoog. ☑

**Twee ander kenmerke, invloede en EEN ander werk en ontwerper van die Art Nouveau beweging herleibaar tot die aanhaling (Ken 8 punte toe)**

Die organiese vorms gevind in die natuur en die gebruike van die sweepslaglyn is ander tipiese **kenmerke** van Art Nouveau. Ook kenmerkend is die gebruik van half-edelgesteentes en eksotiese, duur, weelde-materiale soos haaivel, sy, fluweel en geborduurde materiaalstof. ☑ Art Nouveau ontwerpe toon meestal die gebruik van simmetriese balans. ☑ Hulle het ook verniste hout, inlegsels met ander materiale vir meubelstukke gebruik, geïnspireer deur reise na die Verre Ooste. Mosaïeke en gebrandskilderde glas was ook gewild. ☑ Sommige ontwerpers het tegnologie verwelkom terwyl andere hul inspirasie in die onderbewuste natuur en spiritualiteit en die vroulike vorm gevind het. ☑ Vrouens is as magtig en sensueel voorgestel wat die veranderinge aan die gebeur in die samelewing voorgestel het en gerebelleer het teen die tradisionele sienswyses aangaande die rolle van vroue. ☑

Art Nouveau verwelkom die idee van massa-produksie, anders as die Kuns en Kunshandwerk. Hulle is **beïnvloed** deur die natuur asook deur die tegnieke van massa-produksie. ☑ 'n Ander invloed op hulle was die Kuns en Kunshandwerk beweging se uitgebreide gebruik van fauna en flora in hulle ontwerp. ☑ Dit is duidelik in die kronkellyne van slingerende wingerdlote en lelies ☑ en eksotiese voëls soos die pou en elemente van insekte en reptiele. ☑ Japanese houtdrukwerk het areas van plat gekleurde vorms, soos gesien in die gedrukte plakkaatontwerpe geskep vir advertensieprodukte aangemoedig. ☑ Die invloed van Keltiese en Wiking klipkerfwerk is duidelik in die dekoratiewe inmekaar geweefde lyne ☑ en flambojante lynpatrone gevind in Laat-Gotiese argitektuur. ☑

**EEN voorbeeld van 'n ontwerp** is <u>**die 'Serpent Pectoral' Borsspeld**</u> ☑ **Naam van 'n ontwerper** deur René Lalique ☑



Hierdie ontwerp is 'n groot borsspeld gekoppel aan stringe pêrels. ☑ Die slang was 'n prominente tema van Lalique. Dit bestaan uit nege slange saamgeknoop. ☑
Die gebruik van emalje en goud is baie algemeen in Art Nouveau ontwerp. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V4.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.1 | 4 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | | 2 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | | 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 4.1 | 2 |

4.2 **(Ken 10 punte toe)**

Postmodernisme se **doel** is om weg te beweeg van die beperkende styl van Modernisme. ☑ Modernisme is gesien as te onpersoonlik en rasioneel, soos gesien kan word in FIGUUR A waar daar 'n skuif van suiwer funksionaliteit en universele rasionaliteit na 'n eklektiese kombinasie van style van tradisionele Sjinees en die skoon minimalistiese styl van modernisme is. ☑ In kontras moedig Postmodernisme 'n dialog tussen die voorwerp en die verbruiker aan in plaas van 'n primêre fokus op funksionaliteit. ☑

In kontras toon die Popkuns-stoel in FIGUUR B die humoristiese, lighartige, rebellie van die beperkende styl van Modernisme en die oorheersing van tradisie. ☑ Die jonger generasie wou nuwe ideale, sienswyses en perspektiewe verwelkom. ☑ Ook duidelik in FIGUUR B is die invloede van Opkuns met die klem op basiese ontwerpelemente lyn en kleur om die effek van illusie en speelsheid te beklemtoon. ☑

Postmodernisme se mees prominente **kenmerk** is die fokus op estetika wat lei tot ontwerp wat onprakties word en dikwels 'n element van verrassing bevat, 'n **kenmerk** van 'alles is aanvaarbaar'. Alternatiewelik put Popontwerp inspirasie uit die gebruik van die 'klaargemaakte' van Dada-kuns en is deur die werk van Amerikaanse Popkunstenaars Warhol en Lichtenstein geïnspireer. ☑ Popkuns maak van vereenvoudigde ontwerp gebruik met ondeursigtige primêre kleure en dra 'n element van verrassing deur die

gebruik van

gesmelte alledaagse voorwerpe en die gebruik van vernuwende materiale oor. ☑ In kontras is die aspek van hoe die ontwerp geskep word in die Postmodernistiese beweging/styl ewe belangrik as die betekenis, wat die element van konseptuele idees agter die ontwerp belangriker ag. ☑

Die eklektiese styl van Postmodernisme, duidelik in FIGUUR A, meng **invloede** van die Bauhaus Skool en Modernistiese beginsels. Hulle gebruik van eenvoud, universaliteit en funksionaliteit is duidelik. ☑ In FIGUUR B is Popkuns se invloede duidelik in die keuse van materiale, d.i. die perspex/spuitgevormde plastiek en helder, nie-verteenwoordigende'candy'-streep kleure. ☑ Popkuns se gebruik van populêre kultuur, speelsheid en kitsch is sigbaar in skerp kontras met die Postmodernistiese invloede in FIGUUR A. ☑
In FIGUUR B is 'n tradisionele Sjinese styl en moontlik ook 'n verwysing na die Kuns en Kunshandwerk styl duidelik in kwaliteit van vakmanskap en die gebruik van natuurlike onbehandelde hout. ☑ Die styl kan ook Victoriaans wees as gevolg van die dekoratiewe motiewe soos gesien in die hoeke van die stoel se sitplek. ☑ Hierdie kombinasie toon die eklektiese insluiting van style uit die verlede wat kenmerkend van Postmodernisme is. ☑

Die Postmoderne mantra 'minder is vervelig' is perfek opgesom in FIGUUR A met die duidelike kombinasie van kenmerke vanuit verskeie bewegings. ☑ Die presiese geometriese lyne in die Popkuns-stoel (FIGUUR B) is so geplaas om 'n visuele illusive te skep. Dit is verkry deur die eenvoudige naatlose vorm van die stoel en die kandykleurige strepe. ☑ Massa-media het 'n impak op Popontwerp gehad aangesien die populêre beelde in tydskrifte en filmteaters gebruik in Popontwerp te sien is. ☑
**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V4.2 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 4.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 4.2 | 1 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.2 | 4 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 4.2 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 4.2 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 4.2 | 1 |

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'n SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

## VRAAG 5 (20 punte in totaal)

**Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1





5.1.1 **(Ken 2 punte toe)**
Hierdie plakkaat maak ons bewus van die hongerkwessie. ☑ Dit beklemtoon spesifiek die feit dat weerlose, onskuldige kinders van die honger doodgaan, ☑ 'n feit wat 'moeilik is om te verteer'. ☑ Die statistieke oor 'elke 3,6 sekondes sterf 'n kind van die honger' word aan die onderste regterhoek van die plakkaat onder die kyker se aandag gebring in 'n feitelike, direkte wyse. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

5.1.2 **(Ken 4 punte toe)**
Die beeld van die geswolle maag is die fokuspunt. ☑ Die kwessie van honger word beklemtoon deur die manier waarop die word 'honger' verwring is. ☑ Die groot 'G' lyk asof dit hierdie ongemak aan die kyker uitskree. ☑ Die kronkellyne ☑ gevorm deur die derms asook die gebruik van die treffende swart en wit kontraste dien om 'n dinamiese komposisie wat die oog vang, te skep. ☑ Die kromlynige, kinderlike lettertipe gebruik vir die word 'honger' suggereer die kwesbaarheid van die hongertoestand. ☑ Die sans serif lettertipe gebruik in die regterhoek dra die boodskap in 'n feitelike, ernstige en nugter styl oor. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

5.1.3 **(Ken 14 punte in totaal toe; 7 per ontwerper)**
Suid-Afrikaanse sosiale ontwerper/ontwerpgroep: **Die Ontwerp vir Werk Projek**



Doelstellings, materiale, tegnieke en metodes: **Liberé Foundation**, 'n vereniging sonder winsmotief, het die afgelope drie jaar die Ontwerp vir Werk Projek in die Suid-Kaap bestuur. Liberé Foundation se hoofdoel is om werk vir talentvolle hardwerkende individue met beperkte geleenthede en hulpbronne te skep. ☑ Hulle doel is om jong talentvolle ontwerpers deur hulle nasionale Annual Design for Work kompetisie te identifiseer. Skoliere en student moet byderwetse, handgemaakte produkte van afvalmateriaal of gevonde voorwerpe ontwerp en maak. ☑ In 2010 was Standard Bank hulle korporatiewe borg en hulle het PNA as die 2011 korporatiewe borg gehad.

Liberé poog om vir almal dieselfde geleentheid te bied deur kunshandwerk- en ontwerpwerkswinkels vir skoliere van agtergeblewe gemeenskappe te organiseer en aan te bied. ☑ Deur hierdie werkswinkels by te woon, verseker dat hierdie talentvolle hardwerkende kinders die nodige ontwerpvaardighede sal aanleer om aan die kompetisie en uitstalling deel te neem. Slegs afvalmateriaal word gebruik. ☑ Groepe skoliere van Tembalethu HS, Pacaltsdorp HS, George HS en Parkdene HS het kunshandwerk- en ontwerpwerkswinkels bygewoon en het reeds aan die kompetisie en verskeie gebeurtenisse deelgeneem.

Deur hulle volwasse werkswinkels vir ouer vroue, werklose mans en vroue met klein kindertjies en persone met gebreke poog hulle om vaardighede van ervare ontwerponderwysers aan hierdie mense oor te dra om hulle in staat te stel om die wenprodukte te kan vervaardig. ☑ 'n Groep van 12 werklose vroue van Blanco, 6 individue met gebreke van die George Vereniging vir persone met gebreke en 15 vroue van Tembalethu vervaardig hul produkte en genereer sodoende 'n inkomste om hul families te ondersteun. ☑ Hulle probeer ook om 20 jong werklose vroue geborg deur die Wes-Kaapse Departement van Kulturele Sake en Sport op te lei en te leer. ☑ Hul ligte en kroonkandelare word deur ses baie dinamiese, talentvolle mans gebou. ☑

Al hul produkte word van afvalmateriaal en gevonde voorwerpe vervaardig. ☑ Dit is regtig moeilik om met afval te werk en elke unieke handvervaardigde pragproduk vertel 'n storie van 'n wonderlike individu wat ywerig klein stukkies materiaal aanmekaar gesit het om iets heeltemal nuuts te skep. ☑ met hierdie produkte skep hulle werk en maak ook ons planet skoon. ☑

Internasionale sosiale ontwerper/ontwerpgroep: **Gone Rural**

Doelstellings, materiale, tegnieke en metodes: In die heuwels van die Koninkryk van Swaziland kan honderde vroue gevind word wat die stringe van hulle inheemse erfenis te weef. Deur voorvaderlike kennis met moderne kulturele invloede te vermeng, is die resultaat 'n versameling van kontemporêre Afrika handgemaakte produkte – met elke weef word 'n meesleurende storie vertel. ☑ Gone Rural is 'n sosiale onderneming wat tuisgebaseerde inkomstes aan meer as 750 plattelandse Afrika-vroue verskaf. ☑ Deur 'n inkomste-genererende model met gemeenskapsontwikkelingsprojekte te kombineer, het Gone Rural 'n holistiese benadering tot besigheid en ontwikkeling geskep. ☑ Daar is twaalf meesterwewers van die Ngwavuma-area in Swaziland wat met die Gone Rural ontwerpspan, naamlik Philippa Thorne en Zinhle Vilakati, werk.

Voorbeeld Een**:** Die Geweefde Skerm-reeks, samewerking tussen Dokter en Missus en Gone Rural
'n Johannesburg-gebaseerde ontwerpspan Dokter en Misses met vennoot Adriaan Hugo het met vooraanstaande wewers Gone Rural saamgespan om die Geweefde Skerms-reeks te ontwikkel. ☑ Met hierdie projek het Gone Rural die grense van tradisionele handwerkvaardighede verskuif om 'n moderne weergawe van tradisionele Afrika-patrone ten toon te stel. ☑ Die skerms word van 'n dun staalraam met insetsels geweef van 'n kombinasie volhoubare geoesde sisal en inheemse Lutindzi-gras, wat wild op klipperige uithoeke van die Swazi-berge groei, gemaak. ☑ Die insetsels, handgeweef deur die Gone Rural vroue in Swaziland, ☑ stel dié eeu-oue produksiemetode aan die kantooromgewing bekend.

Die weefwerk vertoon skoon en grafies; met die hand gemaak vanaf ontwerpsketse tot die voltooide produkte. ☑ Dokter en Misses bring 'n meer verfynde estetika na die goedopgeloste ontwerp, aandag tot detail en presiesheid van weefwerk. ☑ Die kontrasterende materiale, d.i. dun staalrame met geweefde gras- en sisalinsetsels, ☑ weerspieël die verskillende plekke; plattelands tot stedelik, en bind dié plekke saam. ☑

Gone Rural het van hierdie samewerking geleer dat hulle produkontwikkeling lank neem aangesien alles met die hand gedoen word. ☑ Hulle moet eksperimenteer en deur leer en probeer. Hulle sou graag hul weeftegnieke wou uitbrei om hulle meer vryheid in die soeke na oplossings vir ontwerpprobleme te gee, asook om voort te gaan om meer eksperimentele stukke wat die hoë-teg-ontmoet-lae-teg estetika beklemtoon, te lewer. ☑

Voorbeeld Twee: Fluoro Vase – Reeks 2
Hierdie reeks versameling geweefde mandjies is helder, uitdagend en pragtig. ☑ Die prettige, grafiese vase is 'n moderne weergawe van tradisionele Afrika-patrone, waar die gebruik van suur-/glimtone 'n opslag-, lighartige skerpte gee. ☑
Elke mandjie is van 100% herwonne materiale en volhoubare geoeste natuurlike vesels gemaak en is handgeweef deur 12 meesterwewers van die Ngwavuma-streek in Swaziland. ☑ Die stukke word met die tradisionele kronkeltegniek, versmelt met elke wewer se unieke, persoonlike afdruk, geweef. ☑

Die doel van die reeks is om die grense van die wewers se normale werk te verskuif en om meer verfynde, grootskaalse stukke wat die persepsie van kunshandwerk plaaslik en globaal sal verhef, te skep. ☑
Die Fluoro Vase – Reeks 2 is by Design Indaba Expo se *Africa is Now* uitstalling onder die tema "Africa is Sharp!" ten toon gestel. Die doel was om die helder kleure en ryk patrone wat dwarsoor die vasteland gesien word, te vertoon. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V5.1 Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 5.1.3 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 5.1.2 | 4 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.1.3 | 8 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.1.1 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 5.1.3 | 3 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 5.1.3 | 1 |

**OF**

5.2

5.2.1 **(Ken 4 punte toe)**

Tradisionele kunshandwerk dien verskeie doele wat as baie belangrik in die samelewing geag word, veral vir die bewaring van inheemse geskiedenis en kultuur. ☑ Die hoofrede is die manifestasie van tradisionele volkskunde, idiome, totem eerbewyse en 'n algehele bewaring van inheemse geskiedenis en kultuur. ☑ Onlangs was daar ook momentum in die kontemporêre aanwending van tradisionele kunshandwerk in die ontwerpwêreld, wat tans in binnenshuise en meubelontwerp mode is. ☑ Addisioneel het hierdie kontemporêre aanwending van tradisionele kunshandwerk 'n herlewing en herwaardering van tradisionele kunshandwerk in die samelewing, naamlik weef-, brei-, hekel- en mosaïekwerk, tot gevolg gehad. ☑ Dit kan moontlik ook aan die wêreldwye besorgdheid oor omgewingsvolhoubaarheid en mensgesentreerde kwessies gekoppel word. ☑

5.2.2 **(Ken 6 punte toe)**

'n VOORBEELD VAN 'n ARTIKEL:
Titel van die artikel: **'Mandjieweef geniet internasionale sukses'**
Mandjieweef is een van Suid-Afrika se bekende tradisionele kunshandwerke. Tradisionele mandjies word oral oor Afrika en veral in Suidelike Afrika gebruik, waarby hulle gebruik word vir die dra van oeste en die hou van vars produkte vanaf die mark. ☑ Daar is twee soorte mandjies, die soort met 'n deksel wat hoofsaaklik vir storing gebruik word ☑ en die plat soort wat vir koringkaf gebruik word. ☑ Hierdie mandjies word versier met 'n oordadige rangskikking van geometriese motiewe om 'n patroon te skep. ☑


Buigbare materiaal word gebruik vir die weef van die mandjies, soos sagte takkies, gras en palmblare. ☑ KwaZulu-Natal is tans die voorlopers in mandjieweef, hoofsaaklik as gevolg van die oorvloed van geskikte grastipes inheems slegs aan KZN, d.i. ilala palm en palmblare. ☑ Hierdie buigsame materiale word in 'n sigsag patroon om die mandjie geweef aangesien repe van die ilala palm om graskronkels gedraai en in 'n spiraalvorm saam vasgewerk moet word. ☑ Kleure vir kleurmiddels word tradisioneel van bessies, wortels, blare, boombas, geroeste blikke en ou familieresepte geoes. ☑

In vandag se tyd met die toename in omgewingskwessies het ons 'n opwaartse neiging in die kontemporêre aanwending van hierdie tradisionele kunshandwerk gesien, waar plastiek en telefoondraad gebruik word om die mandjies te vervaardig. ☑ Dit het die modernisering van die geweefde mandjie tot gevolg gehad. Verder was daar ook 'n toename in die gebruik van afvalmateriale soos blikke, afvalmateriaalstowwe en plastieksakke in 'n geringe poging om die toenemende probleem met afval in ons land aan te spreek.

Kulturele en tradisionele doele beïnvloed die vorm en grootte van die mandjie, bv.die Tsonga huweliksmandjie. ☑ Dit is 'n buitengewone voorbeeld van die tradisionele en kulturele doele van geweefde mandjies. Die huweliksmandjies is om seremoniële kos warm te hou. ☑ Hierdie mandjies is ingewikkeld met krale versier. ☑ Die deksel word deur een van die familie gemaak terwyl die onderste deel deur iemand anders gemaak word. ☑

5.2.3 **(Ken 10 punte toe)**

EEN MOONTLIKE VOORBEELD:
<u>Rootz Creationz</u>, KwaZulu-Natal

<u>DOELE</u>: Rootz Creationz is 'n organisasie gebaseer in die Vallei van 'n Duisend Heuwels, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika ☑ wat Afrika-geïnspireerde geskenke ontwerp en vervaardig deur inheemse handwerkvaardighede met kontemporêre ontwerpe te kombineer om 'n reeks unieke produkte van verskillende media soos klei, draad, krale, leer en was te vervaardig.☑ Hulle gebruik selfs kaarte om 'n reeks funky Afrika-geïnspireerde geskenkidees te skep.☑

Rootz Creationz is in 1994 gestig en hulle het tot 'n dinamiese organisasie waar meer as 18 vroue en 5 mans hulle inkomstes van die maak van die produkte kry, gegroei.☑ Hulle netwerk van talentvolle handwerkers groei elke jaar en die meeste vakmanne werk tuis aan die produkte. ☑ Die produkte word na 'n sentrale werkswinkel gestuur waar produkte maklik geassesseer en verpak kan word om aan kliënte en vennote dwarsoor die wêreld te versprei.☑

Met die uitbreiding van internasionale toerisme na afloop van apartheid het hierdie groep op die groeiende mark vir aandenkings en versamelitems gefokus.☑ Hulle doel is om 'n mengsel van veelvoudige tegnieke en 'n vermenging van materiale te skep om gevorderde moderne ontwerpe van Afrika-bykomstighede en tuisprodukte met 'n globale aantrekkingskrag te skep. ☑ Die werke is oorspronklik, vernuwend, handgemaak, eko-vriendelik en volhoubaar. Dit word teen redelike pryse verkoop om die gemeenskap se ontwikkeling vol te hou. ☑ Rootz Creationz is een van Bridge for Africa se oorspronklike vennootskapsvakmangroepe, en die verbinding tussen Bridge en hierdie talentvolle vakmanne bly tot vandag sterk. ☑

<u>'n KORT ANALISE VAN TEN MINSTE EEN WERK WAT VERDUIDELIK HOE DIT TRADISIONELE MATERIALE EN/OF TEGNIEKE WEERSPIEËL</u>: Mandjie Muurhorlosie ☑ is gemaak van 'n tradisionele ronde grasgeweefde bord bo-op 'n kontemporêre, plastiese, draadgeweefde bord geplaas. ☑ Die kombinasie van ou en nuwe materiale met dieselfde tradisionele tegnieke gee die produk 'n moderne, kontemporêre gevoel. ☑ Die eenvoudige ronde vorms in neutrale wit plastiekdraad en koringgekleurde gras dra ook tot 'n moderne, skoon gevoel by. ☑ Om te verseker dat die produk nie te eentonig is nie is 'n tikkie rooi kolletjies en ronde lyne bygebring. ☑

<u>DIE SOSIALE KWESSIES AANGESPREEK DEUR DIE WERK VAN HIERDIE ONTWERPER OF ONTWERPGROEP</u>: Meer as 18 vroue en 5 mans verkry hulle inkomste van die maak van die produkte. ☑ Die feit dat hulle tradisionele kunshandwerk gebruik om hul produkte te maak, verseker dat hierdie vaardighede lewendig gehou sal word ☑ en moedig trots in ons erfenis aan. Dit gee dus 'n gevoel van ons identiteit. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 5.2.3 | 3 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 5.2.2 | 3 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.2.2 + 5.2.3 | 3 + 5 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.2.3 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 5.2.1 | 4 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**VRAAG 6**

6.1 **(Ken 6 punte toe)**
FIGUUR A is 'n voorbeeld van omgewings-/volhoubare ontwerp ☑ aangesien dit horlosies gemaak van herwonne hout is. ☑ Hulle gebruik materiaal, wat andersins as afval beskou sou word, ☑ om bruikbare produkte te skep. ☑ Hout is lae onderhoud, ☑ volop, ☑ duursaam, ☑ pragtig en hernubaar. Addisioneel help houtprodukte om ons omgewing veilig te hou. ☑ Die horlosies in FIGUUR B is van plastiek gemaak, ☑ 'n materiaal wat 'n impak op die omgewing het aangesien plastiek nie-oplosbaar is. ☑ Verder is plastiek nòg duursaam nòg mufbestand. ☑ Die plastiek is ook hoë instandhouding in vergelyking met die hout. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

6.2 **(Ken 14 punte toe)**



**Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpmaatskappy**
Naam van Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpmaatskappy: Paragon Argitekte en Paragon Interface ☑
Beskrywing van werk:**Die Alexander Forbes Hoofkwartier**, Sandton, Suid-Afrika ☑
Die vierster gegradeerse groen gebou is die ontvanger van die AfriSam – SAIA Toekenning vir Volhoubare Argitektuur vir 2014. ☑ Die nuwe Alexander Forbes hoofkwartier in Johannesburg is 'n aanvorende kommersiële argitektoniese ontwerp bestaande uit 'n ag verdieping (36 950 $m^2$) gebou, wat 2 200 personeel sal akkommodeer. ☑ Die struktuur is uniek in sy argitektuur en bestaan uit baie komplekse vertikale aspekte, selfkompakterende beton is op al die vertikale mure gebruik. ☑ Die nuutste beskikbare tegnologie sal gebruik word vir hoë spoed hysbakke en die beste ouditoriums, bo en behalwe 'n binnenshuise gim, koffiekroeg en restaurant. ☑ Die struktuur toon ook spesiale argitektoniese eienskappe van die S-vormige geskulpte mure in die Wes- en Oosfasades. ☑

Die gebruik van groen ontwerp wat die gebou as volhoubare ontwerp onderskryf: Die groen ontwerp van die gebou vermeerder doeltreffendheid in water, ☑ energie en afvalsisteme met die resultaat dat 70 persent minder water gebruik word, ☑ 50 persent minder afval gelewer word ☑ en 60 persent van vorige energieverbruik. ☑ Die personeel se welstand was hoë prioriteit op die ontwerpmandaat. Die gebou kombineer plantgevulde buite-areas, ☑ natuurlike lig en energie-doeltreffende beligting. ☑ Die sirkulasie van vars lug en temperatuurbeheer was ook sleuteloorwegings. ☑ Addisioneel huisves die gebou 'n gim, ☑ koffiekroeg en personeelrestaurant. ☑ Die eiendom is ook oorkant die pad van die Gautrain-stasie en na-aan die BRT-roete, wat personeel en kliënte maklike toegang tot openbare vervoer gee en gevolglik minder afhanklik van motorvoertuie maak. ☑ Die Alexander Forbes gebou moedig ontwerpers aan om omgewingsbewus te wees, want dit plaas baie klem op beide die bewaring van die omgewing en heg waarde aan die menslike ervaring. ☑ Die gebou se ontwerp neem beide die omgewingsaspekte ☑ en die gesondheid van die mense wat dit sal betrek, in ag. ☑ Omdat ontwerp nie net oor estetika is nie, moet dit ook omgewings- en sosiale aspekte oorweeg. ☑ Hierdie gebou herinner 'n mens daaraan hoe ontwerp kan help om ons omgewing te bewaar en ook die kwaliteit van menslike lewens te kan verbeter. ☑



**Internasionale ontwerper/ontwerpmaatskappy**
Naam van Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpmaatskappy: The Living ☑
Beskrywing van werk: Die tydelike buitemuurse pawiljoen **Hy-Fi** ☑
Die stedelike struktuur bestaan uit 'n ronde toring van organiese en weerkaatsende bakstene gemaak van organiese stof, biodegradeerbare materiaal. ☑ Die organiese blokke word deur 'n kombinasie van weggooi mieliestronke en spesiaalontwikkelde lewende wortelagtige strukture, wat soos sampioene lyk, vervaardig. ☑ Die organiese blokke is aan die onderkant van die ontwerp ☑ en die weerkaatsende bakstene aan die bokant van waar dit lig in die pawiljoen werp. ☑ Die pawiljoen herlei die natuurlike koolstofsiklus, die struktuur benodig geen energie nie ☑ en lewer zero koolstofvrylatings. ☑

Die struktuur verskaf skadu, sitplek en water aan die gaste. ☑

Die gebruik van groen ontwerp wat die gebou as volhoubare ontwerp onderskryf: Die gebruik van materiaal vir The Living om 'n tydelike buitelug-pawiljoen te konstrueer (Hy-Fi), het die belangrikheid van promosie van volhoubaarheid geleer, asook dat herwinning die menslike ervaring kan verbeter, ☑ dat 'n ontwerp tegelykertyd funksioneel, esteties aanvallig en volhoubaar kan wees. ☑ Baie individue is onder die wanindruk dat omgewings-/volhoubare ontwerp vervelig is en te veel moeite, maar deur die Hy-Fi het The Living nie net weggooi-materiaal herwin en hernu nie, maar het ook deur die tydelike installasie skadu, sitplek en water vir die gaste gegee. ☑ Die struktuur is 'n voorbeeld van 'n deurdagte en opwindende gebruik van volhoubare ontwerp op 'n wyse waarop dit konseptueel en fundamenteel ingelyf is in ontwerp en nie net aangelas of 'n nagedagte is nie. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V6.1Vlak | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 6.2 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 6.2 | 4 |
| Middel orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 6.1 + 6.2 | 2 + 6 |
| Hoër orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | | |
| | Evalueer, Reflekteer | | 6.1 + 6.2 | 4 + 2 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | | |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**